

11 Desember

Matteus 6:5-15; (Teks: 6:10a)

Gebed om die vredeskoninkryk

Kersfees is die fees van die koms van Gods koninkryk (Matt 3:2). Wie bid: "Laat u koninkryk kom", bid om die koningsheerskappy in volle vrede oor die ganse wêreld en die lewe.

- God gee aan Dawid 'n gevestigde koninkryk (2 Sam. 7:11-12, 16) waarop sy seën rus (2 Sam. 7:29).
- God verklaar met 'n eed (Ps. 132:11) dat Hy sy gesalfde "'n nageslag op die troon verseker" (Ps. 132:17).

Die belofte is vervul en die gebed verhoor. Uit Dawid is Christus gebore (Matt 1:1) in Wie die Lig van die wêreld reddend verskyn (Joh. 1:4-5, 9) en Gods koninkryk gevestig is. Die koninkryk word saamgevat in een woord: *Christus*, want Hy is die Koning (Joh. 1:49). Wie bid "Laat u koninkryk kom", bid dat die koninkryk werklikheid word. Wie met Kersfees dink aan die Kind in die krip, moet weet dat dit nie by die krip bly nie maar voortgaan na die kruis. Die kruis is die oorwinning oor die Satan. Aan die kruis bly dit ook nie. Deur die graf heen staan Christus op in 'n nuwe lewe waardeur die koninkryk van vrede 'n praktiese saak word. Deur Woord en Gees regeer God oor alles. As Koning vernietig Hy die werke van die Satan en alle heerskappy wat teen God is. As Koning bewaar en vermeerder Hy sy Kerk (Kategismus, Sondag 48). Hierdie Kersfees moet u nugter en realisties wees. Bid ernstig om die koms, die deurbraak van God se koninkryk oor die ganse wêreld.

Sing: Skrifberyming 28b

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)